Wette uitgekrap en koudgelei

Daar was lanklaas so 'n verfrissende en reguit gesprek as dié tussen dr. Willem de Klerk en die aangewese dekaan van die teologiese fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Willie Jonker.

'n Mens wou omtrent hande klap oor die besadigde, glashelder wyse waarop prof. Jonker met dr. De Klerk se leiding daardie twee aartskastaings – die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike – uit die vuur gekrap en, by wyse van spreke, koudgelei het.

Sonder om die minste doekies om te draai, het prof. Jonker verduidelik hoekom die twee wette nie teologies verantwoord kan word nie: soos dit vandag staan, is dit nie gegrond op die oud-Testamentiese beginsel van godsdienstige verskille nie, maar met politiek-konserwatiewe konnotasies gewortel in rassediskriminasie.

Die huwelik is bowendien 'n instelling van God, en waar die staat intree om dit te beskerm, mag hy nie ingryp om die een se voorregte ten koste van 'n ander s'n te beskerm nie – dit werp uiteindelik 'n refleksie op die samelewing se menslikheid.

Pront

En toe die groot vraag: nou goed, as die wette dan afgeskaf word, wat dan? Ewe pront en helder kom die antwoord: daar mag 'n aanvanklike opgehoopte behoefte aan gemengde huwelike wees, maar dit sal kwalik hand uitruk, en alle ontug, nie alleen tussen rasse nie, is sonde wat deur bekering eerder as deur wetgewing reggestel moet word.

Meer aktueel en pertinent kon hierdie gesprek nie gewees het nie, en die SAUK verdien die week se pluimpie vir die uitsending daarvan.

Kort op hierdie gesprek se hakke, en ewe belangwekkend, was Maandagaand se *Verslag*. Dit is mos weer daardie tyd van die jaar dat ons oor die bestaan van Afrikaans besin, en hierdie keer is verskeie Bruin beoefenaars van Afrikaans aan die woord gestel, aangebied deur Clarence Keyter.

Byna wil 'n mens sê dat terwyl die wagters op Sions mure staan en die verte intuur, is die gewone man op straat in alle geval besig om die taal vir homself te skaak.

Soos prof. Tony Links van die Universiteit van Wes-Kaapland dit onomwonde gestel het solank die taalbasis groei en nie verskraal nie, groei die taal. Vandag is dit reeds 'n feit dat driekwart van Afrikaanssprekendes nie wit is nie, en soos een van die digters, Leonard Koza, dit gestel het, daar

is niemand wat kan sê die taal behoort net aan hom nie.

Sonder struwelinge vir Bruin skrywers gaan dit egter ook nie – een het hulle beskryf as die "spook by die uitgewers", wat skynbaar bra skrikkerig is vir hulle werk, 'n ander het gesê hulle sukkel maar nog steeds om die vernederende sogenaamde "jollie Hotnot-"beeld af te skud.

Maar wat verblindend helder uit hierdie TV-verslag tevoorskyn getree het, is dat Afrikaans nie langer noodwendig as die taal van die onderdrukker beskou word nie – iets waarvoor Wit sprekers maar net te dankbaar behoort te wees.

"Bedryf dit in liefde, en nie as 'n sweep nie," het prof. Links dit opgesom, en daarmee een van die insiggewendste verslae oor wat eintlik in ons taalgemeenskap aar die gang is afgesluit.

KORT SKOOT

Oor die gehalte van die rugby by die tweede toets tussen die All Blacks en die Wallabies wil ek my nie uitlaat nie, maar 'n paar puntjies was opvallend in vergelyking met ons regstreekse rugby-uitsendings. Die kommentaar was meesal slap, om nie te sê swak nie, en boonop dikwels bevooroordeeld. Hulle huiwer ook nie om die skeidsregter se beslissings in twyfel te trek nie, hoewel hulle jou in baie gevalle nie kan sê op grond waarvan dit geneem is nie. Ons mense is sommer spanne beter. Heelwat meer dikwels as wat by ons die geval is, het hulle kameramanne die vlug van die bal verloor, en eweneens is die rigmikrofone swak gehanteer. Telkens moes die kommentators sê dat die fluitjie geblaas het, omdat 'n mens dit nie kon hoor nie: Een tegniese voordeel was daar darem, en dit was dat daar veel meer van die kykweer-masjien gebruik gemaak is as wat hier gebeur.